



# Hoofstuk van die dag: Johannes 9

> *Toe skel hulle hom uit en sê: “Jý is ’n dissipel van hom. Óns is dissipels van Moses. (vers 28)*

Die Jode se woorde laat my dink aan moderne Christene wat baie gesteld daarop is dat húlle standpunt die Bybelse een is. “Ék

staan op die Bybel," sal so iemand maklik sê om daarmee alle standpunte wat van syne verskil, af te maak as onbybels. "Hier staan dit tog swart op wit!"
Die Bybel is egter 'n komplekse boek wat nie sommer maklik vir jou standpunt opgeëis kan word nie. Dieselfde Moses (d.i. die wet van Moses) waarop die Jode hulle beroep het, getuig immers van Jesus (Joh 5:39). Daarom sal dit ons goed doen om ons standpunte baie meer genuanseerd in te neem as om net 'n paar tekste ter ondersteuning van ons standpunte uit te lig. Dis immers wat die sektes doen; vandaar die gesegde: "Elke ketter het sy letter."
Ja, natuurlik moet ons ons lewe op die Bybel grond, maar dan op die héle Bybel. Dís die uitdaging vir ons as gelowiges.
'n Veilige benadering is om eerstens te kyk wat Jesus oor 'n bepaalde saak geleer het, of hoe Hy mense hanteer het. As ons Hom volg, sal ons nie sommer verkeerd kan gaan nie.

---




- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

# Hoofstuk van die dag: Johannes 8

> *Toe sê Jesus: “Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.” (vers 11)*

Dié verhaal dwing jou om kant te kies. Waar staan jý in hierdie verhaal? By die skrifgeleerdes en Fariseërs? Of dalk by die vrou? Of, sekerlik, by Jesus en hoe Hy die hele situasie hanteer het?
Natuurlik skaar ons ons by Jesus. Hy het met deernis met die vrou gewerk, haar haar eer en waardigheid teruggegee in ’n baie traumatiese situasie, en ’n groot verleentheid. Jesus tree vir haar in die bres, en stuur haar op ’n nuwe pad, met hoop (vs 11): “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”
Ons kan ons ook nie van die vrou losmaak nie. In ’n sekere sin is ons almal soos sy – sondaars. As jy dít goed verstaan, kan jy óók Jesus se woorde vir jouself toeëien: “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.” Wat ’n ongelooflike woord van bevryding! God veroordeel ons nie! En wat ’n heerlike woord van hoop, dat Hy ons op ’n nuwe pad van genade en oorwinning oor sonde stuur.





# Hoofstuk van die dag: Johannes 7

*Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! (vers 37)*

Die huttefees het die woestyntyd in herinnering geroep, en God se voorsiening, onder andere die water uit die rots (Eks 17:1-7). Elke dag het die priester aan diens water met ’n goue kan uit die Siloambron geskep. ’n Hele gevolg het seremonieel agter hom aangestap na die tempel, waar hy een maal om die altaar gestap het en die water dan by die altaar uitgegooi het onder feestelike trompetgeskal. Op die sewende dag het die priester nie net een maal nie, maar sewe maal om die altaar gestap.

Dis juis by dié hoogtepunt wat Jesus sy uitnodiging gemaak het. Soos God in die woestyn water voorsien het, kan mense na Hom toe kom, en strome lewende waters sal uit hulle binneste vloei (vers 38; vgl Op 22:17). Sy tydsberekening is veelseggend. Alles wat in die offerhandeling gesimboliseer is, wys na Hom – die voorsiening van God, die gebede en hoop op verlossing, is by Jesus te vinde.

Hierdie beloofde lewende water het ook jy ontvang toe Jesus aan jou sy Gees geskenk het (vers 39). Leef vandag opnuut daaruit!

---



# Hoofstuk van die dag: Johannes 6

> *En Jesus antwoord hulle: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het." (vers 29)*

Ons kan heelwat in Jesus se gesprek leer oor wat dit beteken om te glo.
Geloof beteken *om Jesus te volg*, nie ter wille van die voordele nie – hoewel dit natuurlik nie onbelangrik is nie – maar omdat ons Jesus liefhet en vir Hom wil lewe. Juis dít was die skare se probleem: hulle het agter Jesus aangegaan omdat hulle die wonders gesien en beleef het wat Hy doen, nie omdat hulle in Jesus geglo het nie (vers 26).
Geloof beteken *om jou aan die Here te verbind*, na Hom te kom (vers 45), aan Hom vas te hou en lief te hê wanneer dit goed met ons gaan, en ook wanneer dit swaar gaan. Dit is amper soos 'n huwelik, waar huweliksmaats aan mekaar getrou bly deur dik en dun, nie oor die voordeel wat hulle daaruit trek nie, maar omdat hulle mekaar liefhet.
Geloof vra van jou *om jou met Christus te vereenselwig* (vers 53). Dit beteken onder andere om jouself prys te gee, en kan

ook van jou vra om ter wille van Hom swaar te kry en selfs te ly (vgl Matt 10:38).

---



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

# Hoofstuk van die dag:

# Johannes 5

> *Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. (vers 39)*

Jesus se beskuldiging is dat die Jode se bestudering van die Skrif hulle nie by die ewige lewe uitbring nie, omdat hulle vassteek by die eise van die wet. Só mis hulle die punt dat die Skrif heenwys na die Messias. Paulus het gesê daar is ’n sluier oor hulle verstand (2 Kor 3:15).
Ek sien dieselfde tendens vandag nog. Daar is mense wat die Bybel lees om al die beloftes en stukkies troos daarin op te diep. Die groot vraag wat ’n mens dan vra, is: Wat is daarin vir my? Dit is sekerlik deel van wat die Here vir ons gee, maar dit is nie die eintlike punt van die Bybel nie. Die Bybel is vir ons gegee om by Jesus uit te kom, sodat ons in ’n diep en innige verhouding met Hom kan leef, Hom kan leer ken en sy navolgers kan word. Daarin lê ons roeping as gelowiges. Dáárin is die ewige lewe (vers 40).
Die vraag waarmee jy die Bybel lees, moet dus eerder wees: Hoe help die Skrifgedeelte my om Christus beter te ken en te volg?

---




- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale

# Hoofstuk van die dag: Johannes 4

*Hy moes deur Samaria gaan. (vers 4)*

Net enkele opmerkings oor hierdie gesprek:
Dinge gebeur nie maar net toevallig nie. Dit lyk toevallig dat Jesus juis by daardie dorpie aangekom het. Hy is moeg en gaan sit by die fontein, alleen, terwyl sy dissipels in die dorpie ingaan om te gaan kos koop. Net mooi toe kom ’n Samaritaanse vrou water haal. Ewe toevallig, lyk dit vir ons. Maar agter dié ontmoeting sit God. Jesus móés daar wees.
Ons kan by Jesus leer hoe om ontmoetings en gesprekke te hê. Hy sit nie daar as die Een wat alles kan doen en daarom die gesprek oordonder nie. Hy maak Homself afhanklik van haar hulp. Partykeer dink ons ons moet al die antwoorde hê, ons moet al die dinkwerk doen, en dan moet ons nog alles doen ook. Jesus wys dat ’n mens weerloos en genaakbaar mag wees. Dis

vanuit daardie broosheid dat sy gesprek met die vrou betekenisvol word.
Jesus het iets om haar te bied (vers 10). Dalk is dít die diepste vraag wat ek en jy vir onsself moet antwoord: Wat het jy om aan iemand anders te bied? Dalk is dit die eintlike rede hoekom ons gesprekke vermy?

## Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026